KLK LANDBOU BEPERK

REG.NR. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die Ongeouditeerde tussentydse Groepsresultate is dieselfde as dit wat gegeld het, en beskryf is, in die Geouditeerde Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert 1 Maart 2023, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

FINANSIËLE OORSIG

Die verdienste van R31,8 miljoen, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2023, daal met 15,9% vergeleke met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel vir die ses maande het vanaf 194 sent per aandeel tot 122 sent per aandeel verlaag.

Die laer Groepsresultate word hoofsaaklik toegeskryf aan die daling in winsbydraes van Carpe Diem Raisins, die Handelsafdeling en SA Dorper (huide en velle). Die Brandstofafdeling se resultate is hoër as die vorige jaar. Carpe Diem Raisins se resultate is swakker weens die verhoogde kredietrisiko (R17,0m) in die Amerikaanse mark waar 'n groter volume rosyne tydens die afgelope jaar bemark is, asook laer tonnemaat verkope, alhoewel beter verkooppryse gerealiseer het as die vorige jaar. Die laer verkoopsvolumes van Carpe Diem Raisins word toegeskryf aan meer gedempte vraag na rosyne van Europese verbruikers en die logistieke vertraging van verskeping as gevolg van beperkings op die beskikbare skeepsvragruimte.

Ingesluit in die verdienste is die wins met verkoop van die Motor- en Lewendehawe afdeling persele van R11,0 miljoen.

Die kontantposisie van die Groep het met R60,7 miljoen tot R98,0 miljoen verswak vanaf Februarie 2023. Die swakker vraag na rosyne en die vroeër rosyntjie oes plaas meer kontantvloeidruk op die onderneming. Die balansstaat is egter steeds kern gesond.

Die netto bedryfskapitaal het vanaf 28 Februarie 2023 met R21,6 miljoen verminder hoofsaaklik as gevolg van krediteure wat met R160,1 miljoen verminder, terwyl voorraad met R44,1 miljoen en handelsdebiteure met R112,1 miljoen daal.

Die verkryging van die oorblywende nie-beherende belang (20%) in die Carpe Diem Raisins groep is met 'n effektiewe datum van 1 Junie 2023 verkry en die oordrag van die verwerkingsfasiliteit/eiendom is ook afgehandel.

VOORUITSIGTE

Die uitdagende handelsomgewing in die Suid Afrikaanse Ekonomie, 'n gedempte vraag na rosyntjies en laer omsette van Dorper velle, het 'n negatiewe impak gehad op die finansiële prestasie van KLK Landbou vir die eerste ses maande. Die verwagting is dat die vooruitsigte vir die vraag na Suid Afrikaanse rosyne sal verbeter vir die 2024 oes, maar dat die verkope van laer graad Dorper velle nogsteeds traag verloop en resultate negatief kan beïnvloed. Plaaslike- sowel as Internasionale handel omstandighede bly uitdagend.

Met volmag van die Direksie op 16 Oktober 2023.

JS Marais
Voorsitter

JPN Stander
Vise-voorsitter

C du Plessis
Besturende Direkteur

DIREKTEURE

JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), VJ Klein, CR Klingenberg, AR Kotzé, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, C du Plessis (Besturend/Managing)

MAATSKAPPYSEKRETARIS

G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeerd 31 Augustus 2023 R'm	Ongeouditeerd 31 Augustus 2022 R'm	Geouditeerd 28 Februarie 2023 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	405,6	326,8	357,5
Reg op gebruik van bates	2,0	13,6	12,5
Beleggingseiendomme	1,1	1,1	1,1
Klandisiewaarde	32,0	32,0	32,0
Uitgestelde belasting	16,3	11,6	12,0
	457,0	**385,1**	**415,1**
Bedryfsbates			
Bates gehou vir verkoop	1,6	-	7,1
Voorraad	416,9	388,9	461,0
Handels- en ander debiteure	219,2	171,0	331,3
Kontant- en kontantekwivalente	35,4	24,5	16,7
	673,1	**584,4**	**816,1**
Totale bates	**1 130,1**	**969,5**	**1 231,2**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	16,1	16,1	16,1
Verdeelbare reserwes	656,2	581,2	634,2
	672,3	597,3	650,3
Buiteaandeelhouersbelang	63,6	103,2	122,4
	735,9	**700,5**	**772,7**
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	47,7	41,1	43,4
Langtermynlenings	26,2	0,5	1,3
Huurverpligtinge: Reg op gebruik bates	1,0	12,9	11,3
Uitgestelde staatsubsidie	10,5	12,1	11,7
	85,4	**66,6**	**67,7**
Bedryfslaste			
Bankoortrekkings	133,4	45,1	54,0
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	5,4	3,2	3,5
Korttermyngedeelte van Huurverpligting: Reg op gebruik van bates	1,6	3,9	4,8
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidies	2,3	2,8	2,3
Handels- en ander krediteure	166,1	147,4	326,2
	308,8	**202,4**	**390,8**
Totale laste	**394,2**	**269,0**	**458,5**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**1 130,1**	**969,5**	**1 231,2**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeerd 31 Augustus 2023 R'm	Herstateerd [1] Ongeouditeerd 31 Augustus 2022 R'm	Geouditeerd 28 Februarie 2023 R'm
Verkope	1 525,6	1 540,8	3 008,9
Koste van verkope	(1 245,3)	(1 265,1)	(2 444,4)
Bruto wins	**280,3**	**275,7**	**564,5**
Ander inkomste	20,6	18,0	36,0
Uitgawes	(244,2)	(231,9)	(445,2)
Bedryfswins	**56,7**	**61,8**	**155,3**
Beleggingsinkomste	2,1	6,1	3,5
Finansieringskoste	(8,0)	(6,6)	(3,3)
Wins voor belasting	**50,8**	**61,3**	**155,5**
Inkomstebelasting	(12,6)	(16,9)	(38,8)
Totale omvattende inkomste	**38,2**	**44,4**	**116,7**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	31,8	37,8	98,4
Buiteaandeelhouersbelang	6,4	6,6	18,3
	38,2	**44,4**	**116,7**

Nota:
1. Augustus 2022 is herstateer om wins of verlies met beëindigende bedrywe soos per statutêre state te reflekteer.

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Verandering in eienaarskap R'm	Totaal R'm	Buiteaandeel-houersbelang R'm	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2022	**16,1**	**555,6**	**(12,2)**	**559,5**	**98,6**	**658,1**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	37,8	-	37,8	6,6	44,4
Dividende	-	-	-	-	(2,0)	(2,0)
Saldo op 31 Augustus 2022	**16,1**	**593,4**	**(12,2)**	**597,3**	**103,2**	**700,5**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	60,6	-	60,6	11,7	72,3
Verandering in belang van filiale	-	-	(7,6)	(7,6)	7,5	(0,1)
Saldo op 28 Februarie 2023	**16,1**	**654,0**	**(19,8)**	**650,3**	**122,4**	**772,7**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	31,8	-	31,8	6,4	38,2
Verandering in belang van filiale	-	-	(9,8)	(9,8)	(65,2)	(75,0)
Saldo op 31 Augustus 2023	**16,1**	**685,8**	**(29,6)**	**672,3**	**63,6**	**735,9**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ongeouditeerd 6 maande geëindig 31 Augustus 2023 R'm	Ongeouditeerd 6 maande geëindig 31 Augustus 2022 R'm	Geouditeerd 12 maande geëindig 28 Februarie 2023 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer deur bedrywighede voor verandering in bedryfskapitaal	79,4	70,9	169,7
Veranderinge in bedryfskapitaal	(21,6)	(143,2)	(197,0)
Beleggingsinkomste	2,1	6,1	3,5
Finansieringskoste	(8,0)	(6,6)	(3,3)
Belasting betaal	(17,7)	(22,1)	(39,4)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**34,2**	**(94,9)**	**(66,5)**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(62,6)	(15,6)	(66,0)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	(75,0)	-	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	18,2	7,8	14,3
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(119,4)**	**(7,8)**	**(51,7)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Staatsubsidie ontvang	-	4,6	4,9
Verkryging/(terugbetaling) van langtermynlenings	26,8	(4,4)	(3,3)
Betaling van huurverpligtinge	(2,3)	(1,5)	(4,1)
Dividende betaal	-	(2,0)	(2,0)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**24,5**	**(3,3)**	**(4,5)**
Totale toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**(60,7)**	**(106,0)**	**(122,7)**
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van die jaar	(37,3)	85,4	85,4
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van die jaar	**(98,0)**	**(20,6)**	**(37,3)**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2023

WESENSVERDIENSTE

	Ongeouditeerd 6 maande geëindig 31 Augustus 2023 R'm	Ongeouditeerd 6 maande geëindig 31 Augustus 2022 R'm	Geouditeerd 12 maande geëindig 28 Februarie 2023 R'm
Toeskryfbare wins	31,8	37,8	98,4
(Wins)/Verlies met die verkoop van bates	(11,0)	(4,8)	(8,2)
Skeidingspakette	-	0,3	-
Billikewaarde-aansuiwerings	-	-	0,1
Wesensverdienste vir die tydperk	**20,8**	**33,3**	**90,3**

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE EN STATISTIEK

Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 128	17 128	17 128
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 128	17 128	17 128
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	185,6	220,6	574,3
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	121,5	194,2	526,7
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	3 925,3	3 487,4	3 797,0